**Julie 2016**

Liewe voorbidder,

Net onlangs het ek 'n oomblik van hoop gehad, toe ek daaraan herinner is dat die skat wat ons het in Jesus bekend gemaak word deur gebroke lewens. Dit is omdat die krag om te red van God kom en nie van ons nie (2 Korintiërs 4:7). In hierdie vers moedig Paulus die kerk in Korinte aan met die goeie nuus dat die hoop en genesing wat moontlik gemaak is deur verlossing in Jesus, openbaar word in ons alledaagse lewens, wat hy vergelyk met gewone, maklik breekbare klei kruike.

Ek was ootmoedig om te dink dat Paulus sy eie onwaardigheid besef het in vergelyking met die groot boodskap van hoop in Jesus (Efesiërs 3:7–9). Ek glo dat God wil hê dat ons hierdie kontras moet insien sodat daar geen twyfel is oor die bron van die evangelie en die krag daarvan nie: Verlossing is God se werk, nie ons s'n nie (1 Korintiërs 2:5; 3:7).

Tog, hoe kan ons 'n lewe lei vol hoop in die goddelike krag wanneer ons met menigte uitdagings en moeilikhede elke dag te doen het?

**Wandel in geloof en nie deur die sigbare**. Wat die apostel Paulus onderhou het was die begrip dat hierdie lewe op aarde net tydelik is (2 Korintiërs 4:18). Paulus het die kerk in Korinte, en ons, aangemoedig om nie na ons moeilike omstandighede te kyk nie maar om te fokus op die toekoms wat ons in Jesus Christus het. Dit was Paulus se lewe. As hy die keuse gehad het, sou hy verkies het om hierdie aarde te verlaat en tuis te wees by die Here (Filippense 1:21-23). Het jy al so gevoel? Ek weet ek het gedurende 'n beproewing, maar dit versterk my om te weet dat vroue en mans regoor die wêreld bid en vra dat God aan hulle krag, hoop, en genesing sal voorsien te midde van al ons beproewing en toetsing.

**Volhard want daar is 'n beloning**. Terwyl Paulus die goeie nuus van Jesus met die wêreld gedeel het, het meer en meer mense geleer van die goedheid en vriendelikheid van God, en dit ook ontvang. Baie wat die boodskap gehoor het, het in geloof gereageer, verlossing ontvang, en was dankbaar (Efesiërs 1:6, 12, 14). Vandag ondervind ons dieselfde dinge onderwyl ons lewens leef wat afhanklik is van God se Woord en glo daar is 'n belonging baie groter as hierdie tydelike lyding. (2 Korintiërs 4:16-17). Mag ons aanhou om die genade aan ander te bied deur gebed en aksie, en deur ons eie getuienis waar ons hoop en genesing in Jesus gevind het.

Elke dag kan ons 'n oomblik van hoop ondervind. God is besig om te werk in ons lewens deur gebed. Hy het nie ons susters in China vergeet nie, en ons moet aanhou om ons harte en stemme te lig na die Here vir hulle en die beproewinge wat hulle elke dag in die gesig staar. Staan vas in jou geloof en glo vandag dat jy alles het wat jy nodig het om 'n heilige lewe te leef, terwyl ons steun op die goddelike krag wat aan ons gegee is deur die kennis van God en van onse Here Jesus (2 Petrus 1:3–4).

Mag God jul seën,

Peggy Banks
Wêreld-bedienings-direkteur
Projek Hanna